# DIE BREIN DUIWELS

★ ★ ★

Simon Rand Reeks (1)

★ ★ ★

Jef van Staden

Op 'n eenvoudige dog slinkse manier is 'n ambisieuse bende besig om die wêreld in hulle mag te kry. Die leiers op alle gebiede van die menslike bedrywigheid word een na die ander die willose slawe van die Breinduiwels.

Die bende brei sy bedrywighede ook na Suid-Afrika uit en sommer uit die staanspoor kry hulle dit te doen met die geniale uitvinder Simon Rand. Hoewel hy eers in die duister rondtas, is dit duidelik dat die bende nie meer lank ongehinderd met hulle duiwelsplanne sal voortgaan nie . . .

In Jef van Staden het PRONKBOEKE 'n nuwe skrywer gevind wat met sy eerste poging iets heel oorspronkliks en splinternuut gelewer het.

## INHOUD


| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| 1. | Ongeluk onder Dwang ... ... ... | 5 |
| 2. | Simon Rand Gryp in ... ... ... | 13 |
| 3. | Dr. Joss is Moeilik ... ... ... | 24 |
| 4. | „Jy Sterf nou!" ... ... ... ... | 33 |
| 5. | „Met Liefde . . ." ... ... ... ... | 46 |
| 6. | Nina Wag ... ... ... ... ... | 56 |
| 7. | Die Nag is Lank ... ... ... ... | 61 |
| 8. | Troefkaart ... ... ... ... ... | 71 |
| 9. | Hoe Nou? ... ... ... ... ... | 78 |
| 10. | Wurggreep ... ... ... ... ... | 85 |
| 11. | Rand skop Vas ... ... ... ... | 94 |
| 12. | Die Brein ... ... ... ... ... | 102 |


Hoofstuk 1

## ONGELUK ONDER DWANG

DIE robot flits heldergroen.

Die lang streep voetgangers, met 'n statige ou dame aan die voorpunt, begin oor die straat stroom. Aan albei kante van die oorgang vir voetgangers het die verkeer, swaar voertuie en ligte motors, met 'n gekners van remme tot stilstand gekom.

Nie een van die persone in hierdie alledaagse toneel, op die oggend van 'n gewone werksdag, het die ramp verwag wat hulle binne enkele oomblikke sou aanskou nie.

Terwyl die voetgangers nog steeds, in 'n digte massa, die straat oorsteek en die bestuurders van die voertuie geduldig wag, vleg 'n lang, luukse Ford, soos 'n pyl deur die opgehoopte verkeer en dan, in volle vaart, tref hy die voetgangers.

Met die geweld van 'n verwoede bul skep die massiewe buffers die ou dame en 'n fris jong man. Hul arms en bene swaai wild en wanhopig terwyl hulle die lug ingeslinger word. Albei beland met 'n nare slag op die betonblad van die sypaadjie . . .

Net die ou dame se slap vingers beweeg nog traag soos hulle verwytend klou aan die geel sambreel wat nou-nou nog breed oor haar kop gehang het.

'n Verdwaasde drywer van 'n vragmotor skreeu: „Genugtig, is die vent dan van sy sinne beroof?"

Mense pak vinnig saam by die twee liggame op die sypaadjie. Ander sak op die Ford toe.

„Kom ons verniel hom sommer nou!" skreeu 'n growwe stem by die Ford.

Die drywer, 'n lang middeljarige man met 'n spits bokbaardjie, het reeds sukkel-sukkel uitgeklim en stap nou na die twee slagoffers.

Hy ondersoek hulle vlugtig en kyk dan peinsend na sy motor. Die stem, hier êrens uit die klomp mense, is verwytend en dreigend:

„Jy het dit koelbloedig gedoen, jou skurk!"

Skielik wens hy dat hulle hom moet vermorsel—want hy weet dat hy skuldig is. En terwyl hy nog gehurk by die twee liggame sit, vervaag die harde toneel hier voor hom. Hy herleef weer, in driedimensionele helderheid, die bevange sekondes waarin hy magteloos in die motor gesit en in die mense vasgejaag het.

'n Diep frons plooi sy voorkop. „Albei my hande was stewig aan die stuurwiel . . . Ek het die voetgangers duidelik gesien . . . my voet het al na die rempedaal beweeg . . . my volle aandag was daar . . . en toe ek die rooi van die robot sien . . . wat was dit? . . . toe oorweldig die drang my . . . en dis net asof 'n stem my beveel: ‚*Ry*'." Voordat hy homself uit die koma kon bevry, was die fatale oomblik reeds verby.

Sy gedagtes swaai verder terug: dis hy en sy vrou Marie aan die ontbyttafel, en hul eerste ernstige botsing in 15 jaar sedert hul huwelik.

Dit was oor 'n nietigheid—die eier wat nie hard genoeg gekook was na sy sin nie. En weer was dit 'n soortgelyke drang soos dié in die motor wat hom oorval het. Hy het haar sommer ingevlieg en sleggesê.

Duidelik herleef hy nou die oomblik . . . hoe oorbluf Marie was. Toe het sy bekommerd na hom gekyk en gevra: „Wat gaan met jou aan?"

Sy eie gedrag was vir hom net so verbysterend maar hy kon wat daarop gevolg het nie beheer nie, laat staan voorkom.

Hy het vol na sy vrou gekyk en toe het sy plotseling vir hom onaantreklik, byna afstootlik gelyk.



„Ek is moeg en sat vir jou," het hy geskreeu, sy hoed gegryp en vinnig na sy motor gestap . . .

'n Swaar hand pluk aan sy skouer—dit ruk hom terug na die koue hede. 'n Groot konstabel met 'n maskergesig rank hier voor hom op. Die ambulans en geneesheer het reeds opgedaag. Die dokter se bevinding is kort en saaklik: „Hul toestand is kritiek."

Die woorde van die geneesheer hamer hom opnuut, en nou, vir die eerste keer in 20 jaar, wankel die man wat bekend staan as een van die suksesvolste en mees verantwoordelike sakelui van sy geslag, die besturende direkteur van die groot Ferris-Ingenieursfirma, mnr. Melius de Villiers Malan.

Hy leun met sy arm teen die kap van die polisiemotor. Hy kyk na die see van gesigte om hom, na die onvriendelike uitdrukkings van verwyte, van skuldigbevinding, wat sê: „Jy kon dit vermy het."

Hy wil hier weg! Die begeerte is byna onweerstaanbaar, maar die vrae van die konstabel pen hom vas.

„Wil u nou 'n verklaring doen, of in die hof, mnr. Malan? Byna al die mense hier wil teen u getuig."

„Dit was my skuld!"

„Mnr. Malan, het u die mense in die straat gesien?"

„Ek het."

„Was die verkeerslig teen u?"

„Dit was."

„Was daar iets met u motor verkeerd?"

„Nee."

„Kon u die botsing vermy het?"

„Ja."

Die verbaasde geregsdienaar skuif sy pet agtertoe totdat dit skuins oor die kroon van sy kop lê. Hy plaas die pen in sy sak terug.

„Mnr. Malan," sê hy, „wat het dan verkeerd geloop?"

Mnr. Melius Malan voel asof hy wil ontplof. Hy ruk sy kop agteroor sodat die are in sy dik nek styf span. Hy druk sy lang liggaam styf teen die motor en skreeu:

„Kan jy dan nie verstaan nie? Alles was onder beheer. Ek was ten volle bewus van alles wat om my aangegaan het. Maar net toe ek naby die voetgangers kom, en ek die rooi lig sien, het die ding met my gebeur. Ek was net magteloos. Iets, iemand het my beveel om te ry. Ek wens ek weet wat dit was."

Hy swaai vinnig om na die mense wat geluister het. Hulle lyk kwaai en dreigend.

„Dis waar," pleit hy. „Ek sweer dit."

Net 'n barre stilte begroet hierdie wanhopige woorde van hom. Dan, met 'n smalende gelag, sê 'n vrou: „Vertel daardie storie maar vir die slakke."

Niemand het die rooi sportmotor opgemerk wat aan die kant van die skare stilgehou het nie. Malan sien dit eerste raak. Toe hy die gesig van die bestuurder sien, spring hy wild tussen die mense deur en pyl reguit op die motor af.

„Haai, jy—net 'n oomblik . . ."

„Daardie gesig in die motor," mompel hy, „dié het ek al gesien . . ." Hy kan nie besluit presies hoe nie, maar hy voel seker dat die vreemde vrou in die motor iets te doen het met die ramp wat hom so pas hier in die straat getref het.

Hy sien die sneeuwit vel van haar gesig, die lang donker hare en die twee oë—soos twee strepe blou ys onder die gevleuelde swart wimpers.

Toe hy nader kom en die hoë wangbene sien, en die skerp blik hom tref, versnel hy sy pas.

Toe staan hy skielik stil. Sy glimlag terwyl sy uit die motor klim, en Malan voel hoe daardie glimlag hom ontwapen en in sy spore laat vassteek. Die byna onkeerbare drang van oomblikke gelede om haar onder kruisverhoor te neem, verdwyn.



Sy stap op haar gemak tot voor hom en sy sê: „Hallo."

Weer kyk hy na haar gesig en dwing hy om haar te vra, maar asof sy sy gedagtes vooruitloop, antwoord sy:

„Ek maak 'n opname van die oorsake van padongelukke vir 'n wetenskaplike ondersoek."

„Maar, maar het ek jou nie al ge . . ."

Sy laat flikker 'n ooglid onskuldig en smoor die woorde wat Malan op sy tong het, met: „Ek ken jou nie, Meneer!"

Dan stap sy na die straatoorgang waar die botsing plaasgevind het, en ondervra van die ooggetuies.

Malan voel 'n volslae gek toe 'n man agter hom opmerk: „Dis seker die ‚ding' wat hom nou weer na 'n vreemde vrou laat hardloop!"

Eindelik is die polisie met hom klaar en toe hy bedruk en verward na sy motor begin stap, sien hy dat die rooi sportmotor ook net wil wegtrek. Daar en dan besluit hy—hy gaan haar volg.

Sy glip behendig deur die verkeer en hy moet uithaal om by te bly. Rats swaai sy om 'n hoek maar hy haal haar weer in. Sy kyk gereeld in die tru-spieël van haar motor. Net toe sy sterker motor haar begin inhaal en hy gereed maak om voor haar in te swaai, sien hy die vinnige flits van haar arm.

Die skerp spykers val reg voor sy motor in die straat en voordat hy hulle kan vermy, begin een van sy voorbande reeds afblaas.

Hy kan nog net die nommer op haar motor lees voordat sy om 'n ander draai verdwyn . . .

„So 'n kat—maar hiervoor sal sy boet. Ek het mos geweet, daardie vrou is nie so onskuldig as sy lyk nie," brom Malan terwyl hy sy motor stadig tot stilstand bring.

Eers laat die oggend kom Malan by sy kantoor aan. Deurmekaar spookbeelde van gillende voetgangers, nors konstabels en die yskoue oë van 'n beeldskone vrou in 'n rooi sportmotor, pla hom steeds toe hy in die diep leerstoel

agter sy lessenaar gaan sit-lê. Dit was 'n oggend wat hy nie graag gou weer sal wil belewe nie, sê hy met 'n sug van verligting vir homself.

Die diep dreuning van die groot fabriek hier onder en rondom hom is soos strelende musiek. Hy voel weer veilig wanneer hy dink aan die honderde vernuftige hande wat werk in hierdie fabriek wat sy trotse skepping is. Hande wat die ingewikkelde ingewande bou van die masjiene waarvoor Ferris beroemd geword het.

En die brandmerk van Ferris is deeglikheid en sorgvuldige beplanning. Skielik sit hy regop by die gedagte: Ek, die stukrag agter hierdie reuse-fabriek beland in so 'n gemors in 'n elementêre situasie in 'n teerstraat!

Hoe hy al ook daaraan dink, hy kan net nie verstaan wat verkeerd geloop het nie.

Maar die polisie moet vasstel wie daardie vrou is. Gelukkig het hy die nommer geneem. Hy bel en die sersant belowe hom dat hy dit nog vandag sal doen en sal terugskakel.

Eindelik, besluit Malan, kan hy nou met sy werk begin. Hy kyk na die klok teen die muur—en dan val sy oog op die glimlaggende gesig van Marie, sy vrou, op die foto van haar wat naby die klok hang.

Hy sit die vulpen vinnig neer. Hy staan op en stap na die foto van sy vrou.

Dit verstom hom dat hy vanoggend so onbeleefd, byna ongeskik teenoor haar was—en dit oor 'n saggekookte hoendereier. Hierdie vrou met die laggende bruin oë het getrou by hom gestaan deur al die jare van armoede en stryd om Ferris op die been te kry.

Hy besluit hy moet die saak beslis regstel; haar sommer nou dadelik bel en om verskoning vra.

Hy draai hom na die telefoon.

Helder en duidelik swem die beeld van die vrou in die rooi motor weer deur sy gedagtes. Hy voel die blou oë wil hom vasspyker . . . en hy wens vuriglik dat hy die beeld kan uitwis met een mokerhou. Sy vuiste bal . . . en dan word die beeld meer solied en duidelik.



Hy storm na die telefoon. Na 'n oomblik antwoord sy vrou.

Hy wil nou nie met haar praat nie, wil die gehoorbuis teen die muur verpletter. Maar hy weet die woorde moet uit. Die dwang op hom om hierdie ding te doen is weer net so oorheersend, dringend . . . en asof van ver af hoor hy sy eie stem:

„Dis verby tussen ons. Ek besef dit nou duidelik. Nee, ek kan jou nie enige redes gee nie. Ek sal vandag my prokureur volledige instruksies gee vir 'n egskeiding . . ."

Hy gooi die telefoon terug en soek dan met sy oë in die kamer rond. Hy soek tevergeefs na die bron van hierdie wilde drifte in hom.

Sy oop hand voel-voel na die blad van die lessenaar en hy druk met sy een voet hard teen die muur.

„Julle is my vriende," sê hy en hy voel ligter.

Sy liggaam skuif agter die lessenaar in en hy haal 'n groot sigaar uit 'n laai. Nou dadelik met die werk begin, besluit hy.

Op die eerste bladsy van die boonste lêer val sy oog op die woorde: „Vir spoedige afhandeling—Verslag opgestel deur professor Elmo Rheinhardt oor die personeelprobleem in die elektrise afdeling van die Ferris-fabriek. Afskrif van verslag met aanbevelings aangeheg."

Malan vou die lêer net so weer toe. Hy byt die sigaar stywer vas en blaas 'n netjiese blou rookkring.

Professor Rheinhardt, peins hy, die wêreldbekende sielkundige wat onlangs na Suid-Afrika gekom het op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Regering om nyweraars te adviseer oor personeelvraagstukke, soos die stygende ongeluksyfer in die nywerhede en die menslike faktor in die verhoging van produksie van fabrieke.

Die professor was nog gister by hom op kantoor, val dit Malan nou by. Nadat hulle oor die toenemende verskynsel

van afgematheid by die moderne fabriekswerkers gesels en ingegaan het op die moontlike oorsake daarvan, het Rheinhardt sy swaar bril met ligblou glase afgehaal en met 'n bekommerde kyk op sy gesig gesê:

„Verskoon my, mnr. Malan, ek hoop u sal my dit nie kwalik neem nie—maar u lyk self uitgeput die afgelope paar dae."

Hy het hierdie belangstelling van die professor in hom gewaardeer. „Om die waarheid te sê, Professor, u het heeltemal gelyk. Ons het 'n druk tydjie agter die rug."

Dit was al laat die middag en hy het begin dink aan huis toe gaan. Toe sê Rheinhardt: „Ek noem dit met die beste bedoeling—maar as u regtig 'n opknapping van die senuwees wil hê, kan u gerus so 'n rukkie by die Salon Elixir aangaan op u pad huis toe."

„En wat kan hulle vir my doen?"

„O, hulle gebruik ultra-moderne metodes om die spanning en gejaagdheid van die lewe uit 'n mens se sisteem te dryf . . . Ek kan dit regtig aanbeveel."

Sy eerste reaksie was 'n sterk begeerte om te lag want die enigste kuur wat dwarsdeur sy lewe sover die botoon gevoer het, was harde werk. En as jy uitgeput begin voel—nog harder werk.

Maar toe merk hy dat die professor heeltemal ernstig is.

Hy het die plek maklik gekry volgens die adres wat Rheinhardt hom gegee het. 'n Bietjie weg van die sentrale stad maar tog 'n netjiese en swierige lokaal.

Die ontvangs was gul deur 'n baie vriendelike en aantreklike rooikop-dametjie.

Maar hoe dan nou? Hy kan nie onthou wat daar plaasgevind het nie! Net sy aankoms en vertrek kan hy duidelik in herinnering roep.

En tog, toe hy by die plek uitstap, dit kan hy maklik onthou, het die wêreld vir hom vars en nuut gelyk, en het hy 'n nuwe lus om te lewe gevoel.



Die telefoon lui hard. Hy herken die stem van sersant Melville dadelik.

„Mnr. Malan," sê die sersant, „in verband met daardie motornommer wat u my vanoggend gegee het. U wou weet wie die eienaar is."

Malan druk die gehoorbuis stywer teen sy oor.

„Dis reg. Het jy iets gekry?" Sy stem klink angstig en gretig.

„Ek het baie deeglik gesoek . . . Is u seker dat u die nommer reg afgeskryf het?"

„Sonder die minste twyfel."

Daar is 'n oomblik van stilte, toe sê die sersant:

„Wel, Meneer, daar is nie so 'n registrasienommer nie."

„Dankie, Sersant."

## Hoofstuk 2

## SIMON RAND GRYP IN

MET die gebeure van die oggend nog vars in sy geheue, veral die raaisel van die vrou wat hom ontwyk het en die feit dat sy 'n vals nommer aan haar motor gehad het, moet Malan hom gereed maak vir 'n groot gebeurtenis in die annale van die Ferris-fabriek.

Dit is beplan vir vanmiddag en dit is 'n triomf vir Ferris. Hy sal graag sy vrou ook wou teenwoordig hê, dink hy. Maar dit kan mos nou nie, val dit hom by, en die finale voorbereidings vereis sy onmiddellike aandag.

Vooraanstaande sakemanne, beroemde navorsingsingenieurs en talle belangstellendes uit Amerika, Europa en selfs Japan het na Suid-Afrika gekom vir die gebeurtenis by die Ferris-fabriek.